

Tema: MOENIE UITSTEL OM GOD'S RUS IN TE GAAN NIE

Woordbediening: HEBREËRS 3:7 – 4:2

Jare gelede het ek 'n preek gelees wat 'n beeld uit die sondvloedverhaal geneem het toe Noag volgens Gen 8:8-9 'n duif uit die ark gestuur het wat teruggekóm het omdat dit nie 'n rusplek vir sy voet kon vind nie. Noag (tipe van Christus) het sy hand uitgesteek en die duif gegryp en na die veiligheid van die ark terug gebring. Die duif kon nie in God se oordeel rus vind nie, buite die ark en sonder die vasgryp van die hand van Noag was daar geen kans dat die duif sou kon lewe nie. Ons teks fokus nie op 'n malende watermassa nie maar sluit aan by Ps 95:7-11 (in die Septuaginta Ps 94) wat handel oor 'n dorre woestynland vol swart verbrande klippe en die ou Godsvolk wat oppad is na hul land van melk en heuning. 'n Tog wat goed begin is met 'n volk wat lyk asof hulle God op hierdie pelgrimstog vertrou maar dan sien ons hoe hulle weens ongehoorsaamheid, wantroue, hardkoppigheid, en met harte wat verhard het tot op die drumpel van die beloofde Kanaän(rus) kom, maar dit nie ontvang nie. Hulle stel eenvoudig nie belang nie, hulle is bang vir die land se reuse waarvan hulle gehoor het, hulle is bang vir die moontlike onheil wat hulle kan tref, hulle stel dus 'n mosie van wantroue in God in. Ons sien dat nie net die volk nie, maar selfs Moses nie Kanaän en God se rus ingaan nie omdat hy ook sy eie kop gevolg het en in ongehoorsaamheid vanweë die klagtes van die volk die rots geslaan het.

Ons woestyntog is nie 'n luukse vakansie nie, dis 'n lydingstog vir ons en vir die kerk van die Here, dis 'n pelgrimstog wat eerder met 'n dorslandtrek vergelyk kan word. Daar is wel die swart verbrande klippe en die ontberings op hierdie pad maar daar is ook God se wolk en vuurkolom, daar is ook die soetwaters, die Elims en die oases op die pad. Ons moet dalk ophou om teen die swart klippe vas te kyk terwyl ons die spreekwoordelike witbrode onder ons arms dra. Ons is ook so geneig om baie keer te verwag dat dit met Christene net baie goed moet gaan, dat rampe en ellende op hierdie pad hulle nie sal tref nie, dat hulle ook materieël deur die Here geseënd sal wees indien hulle so aanbid, dit of dat doen. Voorspoedteologie maak asof God 'n pion is wat ons kan manipuleer. Die realiteit is dat hierdie idee vreemd aan die Bybel is, dis juis die kou van die "harde klippers" waarvan Jeremia in Klaagliedere praat wat ons taai Christene maak wat die woestyntog kan aandurf en volhard. Ons maak liever staat op God se teenwoordigheid en sy genade. Ons het taai Christene nodig wat nie oppad uitsak en flou raak en begin omkyk na Egipte nie, ons oog is juis op die horison gerig waar ons hoop is. Daarom herinner Matt 13:13 ons "wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word".

Buite ons tente hang 'n wolkkolom wat ons móét volg, as ons in ons tente eerder langer wil bly en die wolk trek kan dit vir ons te laat wees. Ons moet nou na die stem van die Heilige Gees luister sê Hebreërs. Ons mag ook nie uitstel nie, vandag moet ons luister, more is dalk vir sommiges van ons veels te laat. Ons moet luister wat God sê en nie ons eie kop volg nie, daarom volg ons die wolk wat ons by Sy rus sal uitbring. Ons pelgrimstog is ook 'n tyd van toetsing en voorbereiding, die getal 40 in die Nuwe Testament het hierdie simboliese betekenis, Jesus Christus is vir 40 dae versoek (Matt 4:2) en die apostels is na die Opstanding en Hemelvaart vir 40 dae voorberei vir hul taak (Hand 1:3). Ons moet dus nie nou "rus" nie maar waaksaam wees, die oog op die horison gerig. Ons moet ook nie soos Israel goed wegspring nie maar langs die pad lam knieë ontwikkel nie.

Moet ons soos die volk 'n mosie van wantroue in God stel? Nee, ons is God se nuwe volk, ons het gesien hoe God belowe alreeds vanaf Gen 3:15 en in die res van die Ou Belofte of Ou Testament en hoe Hy vervul in die Nuwe Testament. God het deur Jesus Christus dit moontlik gemaak dat daar weer harmonie kom in disharmonie, in die chaos, sodat ek en jy sy rus kan ingaan. Dis die nuwe volk van God, ook u en ek, wat die beloofde rus in gaan maar wat nie kan bekostig om uit te sak nie of nou al te rus nie. Dis vir ons vir wie Heb 12:12 vandag kom sê "Versterk jul slap hande en lam knieë en loop die reguit pad" – vandag. Ons woning is immers nie hierdie woestyn nie, hierdie wêreld is allesbehalwe ons vaste verblyfplek, ons hoop is op die toekomstige gevestig (Heb 13:13). Ons is immers uitverkies en nie verwerp nie (Jes 41:9). Ons vertrou word versterk omdat die Here vir ons as nuwe volk belowe "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God". Binne hierdie woestynreis staan ons in afhanklikheid voor die Almagtige God wat in Sy genade voorsien, op ons woestyntog kom Jes 41:7 ons vertroos – "Die hulpeloses en armes soek water maar daar is nie, hulle versmag na dors. Maar Ek die Here sal hul bede verhoor. Ek die God van Israel sal hulle nie verlaat nie". Mag ons God se rus ingaan – die ware rus van God waarvan Dawid in Ps 95 praat. Mag ons met vertrou ophou om te fladder buite die ark, ons rus is in die Hande wat ons gryp sodat ons nie omkom buite waar die oordeel van God woed nie. Mag ons daarom elke dag bid en van die Here afsmeek as Sy nuwe volk – die sabbatgebed en die Joodse oggendgebed (Ps 95:6-8): "Here, mag ons tog vandag U stem hoor en daarna luister".

Amen.